

Murray 2020.08.23

Saam in die Waarheid

Goeie môre gemeente!

Ons begin vandag met 'n kort **afkondiging**, en dit is dat die kerk weer op die **13^e September** weer sal oopmaak, soos meeste van julle reeds weet. In baie kort, hoe dit sal werk is dat ons vir eers net een diens gaan hou, wat beperk is tot **50 mense**. So as jy graag wil kom, dan moet jy asb vir Carin by die kerkkantoor , en ons sal dan mense op die lys sit tot ons 50 vol is. As jy nommer 51 is, moenie stres nie, jy is dan eerste op die lys vir die week daarna. As ons genoeg mense kry wat wil kom, dan kan ons altyd kyk na die moontlikheid om 2 dienste te hou, maar vir 'n begin gaan ons net die een doen, op ons normale tyd, 9h30. Ons sien uit om julle daar te hê!

//

Nouja, soos baie van julle sal onthou, is ons besig met 'n reeks oor eenheid, veral tussen gelowiges. Ons reeks fokus veral op Jesus se gebed vir Sy dissipels in Johannes 17. Die eerste week het ons gepraat oor Jesus wat vir ons die perfekte voorbeeld gestel het van hoe die liefde lyk wat mense saambind, en dat eenheid begin by ons wat bereid is om minder te word en ander meer te maak. Daarna het ons gekyk na die krag wat gebed en voorbidding het om mense saam te bring en verhoudings te herstel. Die week daarna het Louis gekyk na die feit dat ons net in eenheid kan lewe as ons God se eer soek meer as ons eie, en Sy Naam vir ons belangriker is as ons eie. Laasweek het ons toe verder gegaan en gesê dat ons groei na eenheid saamhang met ons groei na heiligheid. God verander ons lewens, onder andere ook sodat ons nader aan mekaar kan groei.

Hierdie week gaan ons dan nou verder na Johannes 17 kyk, en ons gaan praat oor die eenheid wat daar deur die Woord vir ons moontlik is. So om daarmee te begin wil ek vir jou vra:

1. Wat het jy hierdie week in die Bybel raakgelees wat vir jou uitgestaan het, of dalk iets wat jy 'n ruk terug gelees het maar wat by jou vassteek?
2. Julle kan as gesin saam besluit oor kollekte.
3. Iemand in die gesin kan open met 'n gebed.

//

Wanneer Jesus vir Sy dissipels bid in Johannes 17, dan lees ons op 'n paar plekke dat hy na die Woord verwys. In vers 6 sê Jesus dat hulle God se Woord ter harte geneem het. In vers 8 sê Jesus dat Hy God se woorde aan hulle gegee het. Vers 14 sê dieselfde, en dat die wêreld haat hulle omdat hulle nou aan Hom behoort, en in vers 17 bid Jesus dat hulle getrou sal wees aan die waarheid, en dat die waarheid die Woord is.

Dieselfde gebed geld vir my en jou ook. Ons het die Woord gekry, een van die grootste gawes vir ons lewens! Vandag gaan ons dan nou meer praat oor wat die Woord doen, en hoe dit mense kan by mekaar bring, of dalk uit mekaar uit hou. So as gesin kan julle blaai na Psalm 19 toe, en ons lees van vers 8 af.

1. Lees saam Psalm 19:8-15 en gesels oor wat julle daarin hoor.
2. Vir die kinders: As julle 'n ou padkaart boek het, gaan haal hom en kyk of jy jou huis kan kry, of as die kaart nie so fyn is nie, kyk of jy De Doorns kan kry. As julle nie 'n boek-padkaart het nie, gebruik iets soos Google Maps en zoom uit tot jy die hele Afrika kan sien, en dan zoom jy in tot jy jou huis kan kry.

//

'n Padkaart is 'n wonderlike ding! 'n Klomp verskillende mense wat elkeen 'n padkaart het, kan op verskillende maniere by dieselfde plek uitkom. Die rede daarvoor is dat 'n padkaart nie vir jou wys hoe jy moet ry nie, maar eerder net wys wat die paaie is. Die padkaart wys die waarheid, en jy gebruik die waarheid om by die plek uit te kom waar jy graag wil wees. 'n GPS werk anders, hy wys die pad stap vir stap vir jou, maar 'n padkaart wys al die paaie, en jy moet self kies hoe jy daar uitkom.

Die Bybel werk baie dieselfde. Die Bybel is gegee om vir ons te vertel oor God, oor ons verhouding met Hom, en oor liefde. Saam met dit vertel die Bybel ook vir ons oor die lewe, hoe dit moet lyk en waaroor dit regtig gaan. Die Bybel, nes 'n padkaart, wys vir ons ons eindbestemming, daai plek waar ons regtig wil uitkom in die lewe, en ook hoe om daar te kom.

Aangesien ons almal as Christene dieselfde wenstreep, dieselfde eindbestemming het, sou mens mos dink dat die Bybel ons saambind? Nou hoekom is dit dan dat ons reg deur die geskiedenis sien dat dit juis die Bybel is wat Christene uit mekaar uit dryf?

Die antwoord is baie eenvoudig: Soos wat mens met 'n padkaart kan maak, kan jy op verskillende maniere op dieselfde plek uitkom, omdat nie een van ons regtig op dieselfde plek begin nie. En die vraag of die Bybel mense gaan by mekaar bring of uit mekaar uit dryf, gaan afhang van hoe jy die Woord gebruik, want dat daar verskillende sienings gaan wees, is onvermydelik.

N.T. Wright, 'n bekende teoloog, stel dit baie reg as hy sê: *"We have to tell the difference between the differences that make a difference, and the differences that don't make a difference."*

Maar jy kan dan nou vra: "As ons glo daar is nie iets soos groot of klein sondes nie, hoe kan daar dan goed soos groot of klein wette wees?" Of selfs nog meer: "Is daar waarhede wat meer belangrik is of minder belangrik is?"

Die antwoord wat die Bybel vir ons gee is baie eenvoudig: Ja. In Matteus 23:24 en 25 sê Jesus vir die wetsgeleerdes dat sommige dele van die wet swaarder is as ander. Sommige is soos muggies en ander soos kamele. Paulus impliseer iets soortgelyk as hy in 1 Korintiërs 15:3-4 sê: *"Die **belangrikste** wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte."*

Die implikasie van 'n "belangrikste", is dat daar ook iets is wat minder belangrik is. In 1 Korintiërs 3 praat Paulus oor fondasies, en wat daarop gebou word. En met ons geloof is dit ook so. Daar is 'n paar fondasies van Christenskap waarsonder mens nie kan bou nie. Nou

wat mens op die fondasies bou, dit is dalk anders. Party sal bakstene gebruik, party dalk hout, party self silwer of goud, maar as die fondasie nie daar is nie, sal enige huis val.

So wanneer ons dink oor wat ons glo en hoe ons aanbid, dan moet ons self ook kan insien dat van die goed wat *ons* glo belangriker is as ander. Paulus maak 'n voorbeeld hiervan as hy sê in Romeine 14:5 dat party glo een dag is heilig, en vir ander is elke dag heilig. Dalk was jou gesin ook een waar jy op Sondae nie mag geswem het, of houtwerk gedoen het, of gebrei het nie (jy weet mos, party ou mense het gesê jy gaan die breinaald in die Here se oog steek of iets). Wat Paulus wel sê is dat ons moet oortuig wees van wat ons doen en hoekom, maar Paulus probeer nie hier sy eie opinie gee nie. Hy probeer eerder die gemeente leer om aanvaardend te wees!

Nog 'n slim teoloog, Keith Drury, sê dat wanneer dit kom by ons geloof, daar sommige goed is wat in potlood geskryf is, sommige in pen, en party in bloed. Die goed wat in potlood geskryf is, kan mens maklik uitvee en verander. Goed soos wat mens moet aantrek in die kerk, wats taal mag mens sing, of hoeveel wyse manne daar by Jesus kom kuier het, of mag mens kerk hou tydens COVID. Dis sienings wat vinnig kan verander, maar nie eintlik ons geloof bou of breek nie.

Dan is daar die goed wat in pen geskryf is. Dis die goed in ons geloof wat wel soms verander, maar dis gewoonlik met baie sterker opinies en teenkating te doen het. Hier kan mens dink aan goed soos of vroue mag preek of leiers wees in die kerk. Goed soos klein en groot doop. Goed soos wat die nagmaal is, en hoe ons dit mag gebruik. Goed soos of alles vooruitbepaal is. Goed soos die skeppingsverhaal, of dit 7 dae of miljoene jare is. Goed soos hoe ons moet dink oor ons tiendes. Of meer onlangs, hoe mens dink oor homoseksualiteit in die kerk. Die lys van voorbeelde kan nog aangaan, en dis glad nie onbelangrike goed nie! In teendeel, in baie gevalle is dit baie sterk teologiese standpunte, en meeste kerke kies 'n kant en baklei daarvoor!

Maar! En hierdie is 'n baie belangrike “maar”: Dis nie die goed wat in bloed geskryf is nie. Die goed wat in bloed geskryf is, is die kern van ons evangelie: God die Vader het die Aarde en alles daarop geskep, ongeag hoe. Jesus het mens kom word, gesterf in ons plek en ons prys betaal, en Hy het die dood oorwin deur op die derde dag weer op te staan uit die dood uit. Hy het opgevaar, en die Heilige Gees is gestuur om by ons en in ons te wees. Ons kan nie verdien om gered te word nie, maar as ons glo, kan ons verseker weet ons is deur God se genade gered, en sal eendag by Hom wees!

Dis in bloed geskryf, Christus se bloed. Dis die kern, en as iemand daarvan iets wegvat, dan breek hulle daai fondasies! Of as hulle iets vat wat in pen of potlood geskryf is, en hulle maak asof dit in bloed geskryf is, dan is hulle eintlik besig om by die evangelie by te voeg, en dis gevaarlik! Die onveranderlike is die goeie nuus, en dis al wat ons ooit sal nodig hê.

//

So as ons dink oor die Woord, dan dink ons weer aan Psalm 19:8 wat sê: *Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe*. Deel van die lewe is die eenheid tussen Christene, want dit

was nog altyd God se droom vir ons. Dis ons wat toelaat dat ons verskille groter word as die eenheid wat die Bybel gee.

Maar as liefde ons eerste prioriteit is, dan sal ons oor en oor sien hoe die Evangelie mense saambind! En mens sal dan sien hoe dieselfde Evangelie van verskillende mense 'n familie maak, reg oor die wêreld! Of dit nou miljoenêrs in Amerika is, of blindes in Indië, dis dieselfde Evangelie! Of dit nou teologiese studente is wat kinders is van teoloë wat ook kinders is van teoloë, en of dit 'n jong man in Jordanië is wat die eerste een in sy familie is wat glo, dis dieselfde Evangelie! Die monnik in die klooster wat elke dag in die Woord spandeer, of die druggie wat in die rehab by Delft tot bekering gekom het, dis dieselfde Evangelie!

En ja, ons gaan verskil. Die Bybel is heeltemal te kompleks en te diep dat ons almal dit dieselfde gaan lees, maar dis nie 'n probleem nie, dis 'n geskenk aan die kerk! Juis omdat ons verskil, kan ons by mekaar leer en leer om nog beter te aanvaar en te akkomodeer. God se Woord leer ons en wys ons wat regtig belangrik is: Liefde vir God, en liefde vir mekaar.

Mag Sy Woord in hierdie week, maand, en jaar, vir jou 'n padkaart wees na eenheid in Jesus, al is jy op 'n ander roete as die ou langs jou.

Mag God die Vader se insig, Jesus Christus se voorbeeld, en die Heilige Gees se leiding met julle elkeen wees en bly. Amen

Addisionele Vrae:

1. As jy vir iemand wat nie 'n Christen is nie moes verduidelik, wat sou jy sê is die Bybel?
2. Kan jy onthou van 'n tyd waar jy en iemand al verskil het, maar kon ooreenkom dat julle nie hoef saam te stem nie? (Agree to disagree)
3. Was daar al 'n geval waar jy so erg van iemand verskil het dat julle nie meer met mekaar praat nie? Indien moontlik, sou jy nog kon vrede maak?